# GEBEDSBULLETIN

***November se tema*: VERGIFNIS**
*Ps 130:4— Maar by U ís daar vergifnis: daarom word U steeds gedien.*

## DANKSEGGING:

* Vir God se vergifnis in Jesus Christus.
* Vir jongmense wat hul geloof openlik bely.
* Vryheid om die Here te dien, in die openbaar by mekaar te kom en die Woord te mag versprei. (Biddag vir die vervolgde Kerk)
* Ons sendelinge se toewyding.
* Water in ons krane - 'n luukse wat talle mense nie het nie.

## GEBED EN SMEKING:

* Geopende Deure wat die vervolgde kerk bedien, leiers oplei en die Woord versprei.
* Genade om te kan vergewe waar iemand teen ons oortree.
* Kerssangdiens
* Kerkraadsvergadering
* November is ook bekend as "Movember" - fokus op kanker by mans.
* Dat die eenheidsgevoel in SA (na die rugby oorwinning) sal groei tot iets baie blywends.
* Matrieks—eindeksamen en ander grade se eksamen (selfdissipline, veilige omgewing).

**WATER VIR WYER MOSSELBAAI DISTRIK:** Daar is 'n ernstige water te kort in veral die distrikte van Herbertsdale en Brandwacht. Die Mosselbaai raadslede het gevra dat ons waterhouers sal afgee by die brandweerstasie, waarvan hulle dit weer sal versprei. Hierdie projek sal moet voortgaan totdat ons weer behoorlike reën kry.




**GESOEK:** Indien u leë 5L waterbottels het wat u nie gebruik nie, kan u dit by die kerkkantoor afgee asb.






ONS EER GOD MET LIEFDEVOLLE OMSIEN EN UITREIK

# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 10 NOVEMBER 2019**

*"Moenie in julle toewyding verslap nie, bly altyd geesdriftig, dien die Here." (Romeine 12:11)*

## PROGRAM VIR VANDAG:

09:00 — EREDIENSTE
Kerk (ds Danie)
Vleesbaai (ds Robert)
Biddag vir die Vervolgde Kerk
Spesiale Offer vir Geopende Deure

**KATEGESE/KINDERKERK:**

| | |
|---|---|
| Gr R-6 | Kinderkerk in die saal |
| Gr 7-8 | In die "gat" |
| Gr 9-10 | Soos ds Robert reël |

## VOLGENDE SONDAG:

09:00 — EREDIENSTE
Kerk (ds Robert )
Vleesbaai (ds Danie)
Spesiale Offer vir Kinderkerk

18:30 — KERSSANGDIENS

**KATEGESE/KINDERKERK:**

| | |
|---|---|
| Gr R-6 | Kinderkerk in die saal |
| Gr 7-8 | In die "gat" |
| Gr 9-10 | Soos ds Robert reël |

## AKTIWITEITE VIR DIE WEEK:

| | |
|---|---|
| **KLEINGROEPE:** | Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerk-kantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting. |
| **MAANDAG:** | 15:00 Bybelstudie Santos 2 (ds Danie) |
| **DINSDAG:** | 09:00 Bybelstudie (ds Robert)<br>09:30 Bybelstudie konsistorie (ds Danie)<br>09:30 Bybelstudie saal (ds André)<br>19:00 Bybelstudie Tienie Bothastr (ds Robert) |
| **WOENSDAG:** | 09:30 Vroue saambid in die saal<br>10:00 Breigroep in die "gat"<br>15:30 Biduur Santos Haven (ds Robert) |
| **DONDERDAG:** | 06:00 Manne saambid in saal<br>18:00 Kerkraadsvergadering in saal |



# IN FOKUS:

**KOSKAS:** NOVEMBER is Streek B se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word.

**DEUROFFERS:** Spesiale offer Instandhouding was R3 447-60.

**BAIE WELKOM NUWE LIDMATE:** Die volgende lidmate is met Bewys van Lidmaatskap na ons gemeente oorgeplaas: Karel WJ Botha (Sederstraat) en Talita Stokes, Sederstraat—vanaf Bloemfontein Wes.

**TE KOOP:** Rosyne R50p/kg by die kerkkantoor.

**KERSSANGDIENS:** 17 November

**VONKELVROUE:** 21 November

**MOEDERGEMEENTE:** Bied aan 'n Pastorale beradingskursus in narratiewe terapie. Kontak 0828298133 of 0829902562 vir verdere inligting. Volledige inligtingsaand op 13 November om 15:00 in die Moederkerk se Familiekamer.

**VAKATURE:** Aansoeke word ingewag vir die kosterspos. Handig u CV in by die kerkkantoor voor 11 November 2019.



**VOORBIDDING GEVRA VIR:**
Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë en Fynbos se siekeboeg, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

*Chrisjan Le Grange Fynbos Aftree-oord, Sylvia Marais Santos 2 Siekeboeg, André du Preez Hoogstr, Chris Snyman Hofmeyrstr, Soes Rossouw Delta*str, Hennie van Greunen Da Gamastr, Gert Lamprecht Santos Haven, Johan Kemp Blombosch.




## NUWE MENSE

**Baie hartlik welkom in ons Christus-familie!**
Ontmoet die dominee na die diens voor by die preekstoel.
Kom geniet 'n koppie tee/koffie na afloop van die erediens.



**BIDDAG VIR REëN:** Alle gelowiges word opgeroep tot 'n interkerklike biddag vir reën op Saterdag, 23 November 2019 om 10:00 by die Amfiteater te Hartenbos. Saam gaan ons bid vir ons eie situasie (Mosselbaai omgewing), asook vir ons land. Versprei asb die oproep/uitnodiging na alle gelowiges. Bring jou eie stoel/kombers/kussing saam. Ons weet daar lê oneindige groot krag in gebed. Vir enige navrae, kontak ds Tertius Conradie by 082 921 8671.

**VONKELVROUE:** Ons laaste funksie vir die jaar is op 21 November 2019 om 18:30 in die kerksaal. Kom geniet 'n Indiese Kersfees met Neels en Esmé Meyer. Almal welkom, asook mans. Kaartjies is by die deur @ R15 te koop. Kontak asb die kerkkantoor voor 18 November indien u belangstel.

**KERSMARK KOMBUIS:** Ons gemeente dames is weer verantwoordelik vir die kombuis gedurende die Kersmark van 17-19 Desember 2019. Ons soek baie hande! Indien u bereid is om vir 'n uur of 2 te help, sal ons van u wil hoor, sodat ons 'n skofterooster kan opstel. Kontak Lezelda by die kerkkantoor of Marie 044-6904215/0721422313.

**KERSMARK:** Ons jaarlikse kersmark vind plaas op 17-19 Desember 2019.

**HUISMARK:** Op 29 November 2019 bied Saloom 'n huismark te Harry Millerstr 15 van 09:00 tot laat. Kom koop of besigtig die mooiste ♥sgoed, huisgoed, mooigoed en skryfgoed. Die ideale ♥sgeskenke. Daar sal ook 'n teetuin/kuiertuin wees. Bring jou vriendinne saam vir 'n heerlike kuier!

♥♥♥♥♥♥♥♥♥♥♥♥♥

**HERBERG KINDERHUIS:** Ons beplan om voor die skoolvakansie in Desember eetgoed, ens na die Kinderhuis te neem vir die kinders wat inbly met vakansie.
Die volgende word oa benodig:
Skoonmaakmiddels (Poeierseep, handy andy, skottelgoedseep en vadoeke).
Toiletware (shampoe, seep, handeroom en waslappies).
Koekies, lekkers en beskuit.
Toebroodjiesmere (Marmite, grondboonbotter, konfyt, stroop).
Blikkies vleis, vis, tuna, Weense worsies, polonie en kaas.
Chips & Snacks, Grondbone & rosyne wat in kosblikke kan kom.
Kontant ook welkom dan koop ons aan wat ons nie ontvang het nie. Daar is ongeveer 15 dogters in Huis C van Laerskool ouderdom. Handig asseblief in voor of op 29 November 2019 in by kerkkantoor. As u van ´n geleentheid weet na Robertson, kontak ons asseblief.

**SPESIALE KOSPAKKIES:** Ons gee Desember 'n spesiale kospakkie wat oa die volgende bevat:
Jellie, ingemaakte vrugte, koekies, blikkies groente, aanmaakkoeldrand en hoender of enige vars vleis. Kontant welkom. Handig asb in by die kerkkantoor voor einde November.

**FINANSIËLE BYDRAES:**
**Vir dankoffers & spesiale projek bydraes:**
NG Kerk Mosselbaai-Suid
ABSA tjek—207 058 0031
(indien jy vir 'n spesiale projek bydra, gee jou naam en projek by die verwysing)
**Vir Geloofsgelofte-bydraes:**
NG Kerk Mosselbaai (GBO)
ABSA tjek—207 016 7886